higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## MESSEL- EN PLEISTERTEORIE N2

## 6 APRIL 2018

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Waar
1.3 Onwaar
1.4 Waar
1.5 Onwaar
1.6 Onwaar
1.7 Waar
1.8 Waar
1.9 Onwaar
1.10 Waar


(10 × 1) **[10]**

## VRAAG 2

2.1 Om te voorkom dat water van bo af in die muur inloop (1)


2.2
- Baksteendeklaag
- Voorgegote deklaag
- Deklaag van bewerkte klip
- Kraagteël met baksteen aan kant (4)

2.3




**EERSTE LAAG**

| | |
|---|---|
| **Skaal:** | **1** |
| **Twee bakstene:** | **2** |
| **Verband:** | **3** |
| **Vorm:** | **2** |
| **Muurbint:** | **1** |




| | |
|---|---|
| **Skaal:** | **1** |
| **Twee bakstene:** | **2** |
| **Verband:** | **3** |
| **Vorm:** | **2** |
| **Muurbint:** | **1** |

**TWEEDE LAAG**

**WISSELPLANLAAG**
**WISSELPLANLAAG VAN ’N HOEK IN 'N 270 mm-HOLTE MUUR**

(9 × 2) (18)
**[23]**

**VRAAG 3**

3.1
- Maak seker dat die deklaag nie enige harde uitsteeksels bevat nie.
- Berei die kleefstof voor.
- Skiet ’n slaglyn in die middel van die vertrek af.
- Gebruik 'n troffel met ’n getande rand om kleefstof met die slagpyn langs aan te wend.
- Gebruik spasieerders om die teëls vanaf die middel na buite te posisioneer.
- Maak seker dat elke teël stewig ingelê is deur die teël in posisie te klop.
- Voltooi die lêproses van hele teëls om die vloer te bedek.
- Meet, sny en sit die teëls om die kante in.
- Laat die teëlwerk oornag droog word en verwyder die spasieerders.
- Meng die regte kleur voegbry.
- Gebruik ’n rubber-aanstryker om die lasplekke te vul.
- Gebruik ’n klam lap om die teëloppervlak skoon te maak. (12)

3.2
- Kies ’n geskikte trapleer.
- Verwyder enige hindernisse uit die area en verseker ’n stewige oppervlak.
- Maak die trapleer oop en maak seker dat die skarniere heeltemal oop is.
- Die trapleer is nou gereed om te gebruik. (4)

3.3
- Persveselbord
- Isoleerbord
- Hardebord (3)

3.4 3.4.1 Skoorsteenkap ("gathering") verwys na die boonste deel van 'n kaggel ✓ wat kleiner word namate dit na die grootte van die rookkanaal styg.✓


3.4.2 Beraping beteken om 'n laag pleister aan te wend op baksteen- ✓ of steenwerk, of dit kan verwys na die laag pleister wat gelê word.✓

3.4.3 Skoorsteenafskuinsing verwys na die afloop aan die bokant van die skoorsteen,✓ gewoonlik van sement en teëls of leiklip.✓

(3 × 2) (6)


**[25]**

**VRAAG 4**



**ENGELSE VERBAND**

**Skaal: 2**
**Twee bakstene: 2**
**Korrektheid: 4**
**Verband: 2**



**WISSELPLANLAE**

**Skaal: 2**
**Twee bakstene: 2**
**Korrektheid: 4**
**Verband: 2**

**[20]**

## VRAAG 5

5.1 Syfergate word in a spoumuur aangebring om vog uit die holte te dreineer. (1)

5.2 Voegryhoute (“ruled joints”) lyk netjies ✓ en seël die messelvoeë om te voorkom dat water indring.✓ (2)


5.3
- Troffel met getande rand
- Teëlsnymasjien
- Staafsaag (“rod saw”)
- Teëllêerhamer
- Veerpassers
- Slaglyn
- Teëlknyptang ("tile nipper")
- Rubberhamer (6)

5.4 ’n Bok is ’n vrystaande struktuur wat borde ondersteun om ’n werksplatform te maak. (1)
**[10]**

## VRAAG 6

6.1
- Die bygevoegde water sal die oppervlak verswak.
- Byvoeging van ekstra water sal diep windbarsies, ontbinding, bestuiwing en afskilfering veroorsaak. (2)


6.2 6.2.1



**DUBBELOPENING OF RUG-AAN-RUG**

**Korrektheid: 2**
**Titel 1**

6.2.2



**ENKELOPENINGKAGGEL** **Korrektheid: 2**
**Titel 1**

(2 × 3) (6)

6.3
- Korrekte ontwerp van opening (“throat”) (100 × 203) en moet loodreg oor die vuur wees
- Horisontale roetrak
- Hoekige kante ('played sides')
- Kaggel moet diep genoeg wees sodat dit nie rook nie (4)

**[12]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou